LET WEL GLYPHOS 360 SL is 'n uiters aktiewe onkruidododer wat in klein hoeveelhede, indien verkeerdelik aangewend, ernstige skade kan aanrig aan gewassaailinge, sagtevrugtebome en wingerde, tydens bot en vroeë seisoensgroei. Onder die volgende klimaatstoestande kan dit ernstige skade aanrig vir so ver as 3 tot 5 km vanaf die naaste spuitbaan van die vliegtuig: Bewolkte weer met relatiewe humiditeit hoër as 80 % en stadige luggewig van minder as 5 km per uur. Waar sulke toestande heers, moet toedienings NIE gedoen word indien gewassaailinge, sagtevrugtebome of wingerde in bot of vroeë ontwikkelingsstadia Giftig indien ingeneem word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing, of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS:

- Vermey inaseming van die spuitnewel of spuitdampe.
- Dra 'n gesigskerm en rubberhandskoene wanneer die produk hanteer word en tydens vermenging.
- Vermey kontak met die vel en oë.
- Moet nie eet, drink of rook tydens meng en toediening nie of voordat hande en gesig gewas is en skoon klere aangetrek is nie.
- Was met seep en water na gebruik en na toevallige velkontak.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- In die geval van kontak met oë, spoel die oë deeglik met skoon, stadigvloeiende loutwarm water of 'n soutwateroplossing vir 20 minute, terwyl ooglid(e) oopgehou word. Indien irritasie voortduur, verkry mediese hulp.
- Verhoed wegdrywing van die spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en areas nie onder behandeling nie, aangesien dit ernstige skade aan gewasse kan veroorsaak.
- Maak die toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik en gooi spoelwater uit waar dit nie ander gewasse, weiding, boorgate, riviere of damme sal besoedel nie.
- Leë houer moet **DRIEKEER UITGESPOEL** word soos volg: Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeitot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Vernietig die leë houer deur gate daarin te kap en plat te slaan en doen weg daarmee op 'n veilige manier.

- Moet nie die leë houer vir enige ander doel hergebruik nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Direkte of spuitnewelkontak van **GLYPHOS 360 SL** met blare en/of onvolwasse bas van gewenste plante, kan lei tot gelokaliseerde of getranslokeerde skade.
- Moet nie blaarvoedingstowwe saam met **GLYPHOS 360 SL** toedien nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING:

Vir doeleindes van weerstandbestuur, is **GLYPHOS 360 SL** 'n groeppode **G** onkruidodder. Enige bevolking onkruiden kan sommige onkruiden bevat wat natuurlik weerstandbiedend is teen **GLYPHOS 360 SL** en ander groeppode **G** onkruidodders. Indien hierdie groeppode onkruidodders herhaaldelik toegedien word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die bevolking oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruiden sal waarskynlik nie deur **GLYPHOS 360 SL** of enige ander groeppode **G** onkruidodder beheer word nie.

Ten einde weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Verminder die uitsluitlike en herhaaldelike gebruik van onkruidodders behorende tot dieselfde groeppode.
- Wissel af met, of gebruik tenkengsels van middels van verskillende onkruidoddergroeppodes.
- Integreer chemiese middels en verbodingspraktyke in onkruidbeheerprogramme.

Vir meer inligting oor weerstandbestuur raadpleeg die registrasiehouer.

GEBRUIKSBEPERKINGS:

- Wanneer **GLYPHOS 360 SL** gebruik word as 'n land voorberei word en saailinge word daarin uitgeplant soos bv. tamaties, tabak of enige ander gewas waarvan die stammetjie groen en sag is, moet 'n minimum periode van 14 dae verloop tussen bespuiting en die uitplant van die saailinge.
- Hierdie produk kan alleenlik as 'n na-opkom algehele bespuiting of as 'n gerigte bespuiting op melievariëteite wat die glifosaatbestandheidsgeen bevat, toegedien word.
- Melie- en katoenbasters en kultivars wat nie hierdie glifosaatbestandheidsgeen bevat nie sal ernstig beskadig of gedood word indien dit met hierdie produk bespuit word.
- Moet nie blaarvoedingstowwe saam met **GLYPHOS 360 SL** toedien nie.

GEBRUIKSANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

I. Gebruik slegs skoon water vir spuitmengsel.

II. Maak altyd seker dat spuitapparaat skoon, vry van afsak-sels, ens. is en korrek gekalibreer is voordat gebruik word.

III. Gebruik lae spuitdruk (100–200 kPa) om die vorming en wegwaai van spuitnewel te voorkom.

IV. **GLYPHOS 360 SL** word geabsorbeer deur onvolwasse bas en die blare van meeste plante en bome.

Kontak met dele wat nie volwasse bas op die hoofstam het nie, soos bome jonger as drie jaar kan ernstige gelokaliseerde en getranslokeerde skade veroorsaak. **DAAROM MOET KONTAK MET BLARE, GROEN OF ONVOLWASSE BAS EN VRUGTE DEUR DIREKTE KONTAK OF SPUITNEWEL VERMID WORD. MAAK ALTYD SEKER DAT SLEGS ONGEWENSTE PLANTE BESPUIT WORD.** Moet nie toedien in gesnoeië wingerde en vrugtebome voordat die snoeiwonde behoorlik geseël het nie.

GLYPHOS 360 SL is 'n nie-selektiewe sistemiese onkruidoder wat slegs aktief is indien dit op die blare en groen bas van plantegroei toegedien word. Die sigbare effek van **GLYPHOS 360 SL** op behandelde plantegroei is gewoonlik 10–14 dae na behandeling sigbaar maar kan wissel afhangende van weerstoestand.

Gebruik **GLYPHOS 360 SL** op aktief groeiende plante wat nie rustend of onder temperatuur- of vogstremming verkeer nie. Reën of besproeiing 'n paar dae voor 'n behandeling, verseker dat die onkruid aktief groei en dat onkruidbeheer optimaal is. Reën of besproeiing binne 6 uur na behandeling kan die doeltreffendheid verminder. Moet nie op swaar stofbedekte onkruidblare toedien nie. Dien **GLYPHOS 360 SL** in hierdie geval slegs toe nadat stof deur reën afgewas is. Aangesien **GLYPHOS 360 SL** geen vooropkom aktiwiteit op onkruid het nie, sal herhaalde toedienings nodig wees (wanneer alleen toegedien) om seisoenlange beheer te verseker. Verseker dat teikenonkruid volledig blootgestel word aan die bespuiting.

V. **Verwys ook na die afdeling "mielievariëteite wat die glifosaatbestandheidsgeen bevat".**

MENGINSTRUKSIES:

- Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Voeg die korrekte hoeveelheid **GLYPHOS 360 SL** by. Maak die tenk met skoon water vol tot by die verlangde volume. Verseker deeglike roering. In geval van tenkmengsels, moet die bykomende onkruidoder na **GLYPHOS 360 SL** in die tenk bygevoeg word en aanhoudende roering moet voor en gedurende bespuiting plaasvind.

TOEDIENING:

Maak altyd seker dat spuittoerusting skoon en vry van roesplekke en stof is. Verwyder aanpaksels bv. reste van benatbare poeiers in spuittenks voor gebruik. Voorkom die gebruik van modderige of brak water wat 'n hoë kolloidale-inhoud het wat afkomstig is van grond met 'n hoë organiese materiaalinhoud. Spuittoerusting moet akkuraat onder veldtoestand gekalibreer word voor toediening. Dit is nie nodig om **GLYPHOS 360 SL** toe te dien tot die punt van afloop nie maar 'n egalige eweredige plantbedekking is noodsaaklik. **EGALIGE TOEDIENING IS NOODSAAKLIK VIR GOEIE RESULTATE.**

Grondtoediening:

GLYPHOS 360 SL kan deur middel van konvensionele grondsputtoerusting (trekker gemonteerde balke, Rugsakspuit ens.) toegedien word.

Grondsputtoerusting met geskikte spuitpunte wat 'n bespuitingsvolume van 30–600 l/ha gee, word aanbeveel vir optimale bedekking.

Waar spuitstofwegdrywing 'n probleem is, moet die druk nie 2 bar oorskry nie. Om spuitstofwegdrywing te voorkom moet teen 'n druk soos aanbeveel vir 'n spesifieke spuitpunt, gespuit word. Verwys ook na die afdeling **"MIELIEVARIËTEITE WAT DIE GLIFOSAATBESTANDHEIDSGEEN BEVAT"**.

Lugtoediening:

GLYPHOS 360 SL kan slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard 10118 (Aerial Application of Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- **Volume:** 'n spuitmengsel volume van 30 tot 35 l/ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- **Druppel bedekking:** 30 tot 40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n druppelspektrum met 'n VMD van 300 tot 350 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte **atomiseringsapparaat** wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die **vlerkpuntvorteks** beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaighigrometer moet nie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die **windspoed** 15 km/uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens **turbulente**, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur **inversie toestande** (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of **hoë lugvog toestande** (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:
 - o verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - o skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE:

GLYPHOS 360 SL sal die meeste eenjarige onkruid wat van saad ontkiem, na-opkom beheer in situasies soos onbewerkte landerye, voor plant van gewasse, verminderde of deklaagbewerking, meerjarige wingerd- en boomgewasse en in industriële gebiede. Dien **GLYPHOS 360 SL** volgens die groeistadium van onkruid toe. Gebruik die hoër dosis aanbevelings in die reeks vir ouer en meer gevestigde onkruid in die spesifieke groeistadium.

1 BEHEER VAN MEERJARIGE ONKRUIDE

1.1 SKADELIKE ONKRUIDE		DOSIS		OPMERKINGS
BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM	ℓ/ha	% Oplossing	
<i>Sesbania punicea</i>	rooi-Sesbania	3,0	1,5	Saailingplante kleiner as 1 m hoog: Gebruik 'n 1,5 % oplossing. Groot struik: Sny en spuit hergroei met 'n 1,5–2,0 % oplossing wanneer 1 m hoog.
<i>Solanum mauritianum</i>	luisbos	2,0	1,5 0,5	Dien toe in lente of somer. Groot bome: Sny tot 50 cm, laat nuwe groei van ten minste 50 cm toe voor toediening. Klein boompies: Dien direk op die blare toe.
<i>Acacia dealbata</i>	silwerwattel		20,0	Somer toediening Spuit op nuut laag afgesnyde stompe bo die grondoppervlakte. Die stompe moet ongeveer 10 cm bo grond oppervlakte afgesny word. Die stompe moet bespuit word met die oplossing to by die punt van afloop.
<i>Mimosa pigra</i>	reuse sensitiewe plant	6,0	3,0	Spuit die lower van saailinge en plante tot en met 1 m in hoogte.
<i>Chromolaena odorata</i>	paraffienbos	1,0	1,0	Dien toe gedurende die somer en herfs. Kap gevestigte plante af en laat toe om te hergroei. Toediening moet plaasvind wanneer die hergroei tussen 50 en 120 cm is. Verseker volledige blaarbedekking. Voorheen gekapte meerstammige plante mag 'n opvolg behandeling benodig.

1.2 GRASSE		DOSIS		OPMERKINGS
BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM	ℓ/ha	% Op- lossing	
<i>Cynodon dactylon</i>	gewone kweekgras	6,0		Somerreënvalegebied. Dien toe in herfs of somer op aktief groeiende plante. Indien hergroei voorkom spuit met 2,5 % oplossing.
		9,0		Winterreënvalegebied. Dien toe soos bo in herfs.
<i>Eragrostis curvula</i>	oulandsgras	3,0	1,5	Dien toe op aktief groeiende plante in somer of herfs.
<i>Paspalum dilatatum</i>	gewone Paspalum	6,0	3,0	Dien toe in somer tydens blom maar voor saadval. Indien hergroei voorkom, spuit met 1,5 % oplossing.
<i>Paspalum paspalodes</i>	kweek –Paspalum	8,0-9,0		Dien toe in somer tydens blom maar voor saadval. Indien hergroei voorkom spuit met 'n 2,0 % oplossing of 4,0 ℓ/ha. Gebruik die hoër dosis in die winterreënvalegebied
<i>Panicum maximum</i>	gewone buffelsgras	6,0	3,0	Dien toe in somer op aktief groeiende plante wat nog in die vroeë ontwikkeling- stadium is. Indien hergroei voorkom, spuit met 'n 1,5 % oplossing.
<i>Pennisetum clandestinum</i>	kikoejoe	4,0	1,5	Dien toe in somer op aktief groeiende plante. Indien hergroei voorkom, spuit met 1,5 % oplossing.
<i>Setaria megaphylla</i>	bosbuffelsgras	6,0	3,0	Dien toe in herfs of somer op aktief. Groeiende plante. Indien hergroei voorkom spuit met 'n 1,5 % oplossing.
<i>Sorghum halepense</i>	Johnsongras	4,0	2,0	Dien toe in somer of herfs. Indien hergroei voorkom spuit met 1,5 % oplossing.
<i>Sorghum verticilliflorum</i>	gewone wildesorghum	3,0	1,5	Dien toe op aktief groeiende plante in somer of herfs.

1.3 UINTJIES		DOSIS		OPMERKINGS
BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM	ℓ/ha	% Oplossing	
<i>Cyperus esculentus</i> <i>Cyperus rotundus</i>	geeluintjie rooiuintjie	6,0 6,0		Dien toe in somer voor blomstadium. Indien hergroei voorkom spuit met 1,5 % oplossing of 3,0 ℓ/ha (beste resultate in Feb/Maart).

2. BEHEER VAN EENJARIGE ONKRUIDE

2.1. Breëblaaronkruid

Die volgende breëblaaronkruid sal beheer word teen die dosisse en groeistadiums soos hieronder aangedui.

GLYPHOS 360 SL ℓ/ha		
1,0–2,0	2,0	3,0
1–12 blaar	12 blaar tot voor blom	Blom

<i>Alternanthera pungens</i>	kakiedubbeltjie	<i>Conyza albida</i>	vaalskraalhans
<i>Amaranthus hybridus</i>	Kaapse misbredie	<i>Cucumis spp</i>	wildekomkommer
<i>Amaranthus spinosus</i>	doringmisbredie	<i>Datura ferox</i>	grootstinkblaar
<i>Amaranthus thunbergii</i>	rooimisbredie	<i>Datura stramonium</i>	stinkblaar
<i>Arctotis venusta</i>	witgousblom	<i>Galinsoga parviflora</i>	roerkruid
<i>Argemone subfusiformis</i>	witblombloudissel	<i>Gisekia pharnaceoides</i>	knopkruid
<i>Bidens pilosa</i>	knapsekêrel	<i>Gnaphalium subfalcatum</i>	Gisekia
<i>Chenopodium album</i>	withondebossie	<i>Lepidium africanum</i>	peperbossie
<i>Chenopodium ambrosioides</i>	kruiehondebossie	<i>Pentzia grandiflora</i>	stinkkruid
<i>Chenopodium carinatum</i>	groenhondebossie	<i>Physalis angulata</i>	wilde appelliefie
<i>Chenopodium murale</i>	muurhondebossie	<i>Pseudognaphalium luteoalbum</i>	groenbossie
<i>Cirsium arvense</i>	Kanada-dissel	<i>Richardia brasiliensis</i>	tropiese Richardia
<i>Citrullus lanatus</i>	karkoer	<i>Spergula arvensis</i>	sporrie

2.2 Grasse

Die volgende grasse sal beheer word teen die dosisse en groeistadiums soos hieronder aangedui.

GLYPHOS 360 SL ℓ/ha			
1,5–3,0		3,0	
1 blaar tot voor blom		Blom	
<i>Avena fatua</i>	gewone wildehawer	<i>Lolium multiflorum</i>	Italiaanse raaigras
<i>Avena spp</i>	wildehawer	<i>Lolium temulentum</i>	drabok
<i>Briza maxima</i>	bewertjies	<i>Panicum schinzii</i>	soetbuffelsgras
<i>Bromus diandrus</i>	predikantsluis	<i>Poa annua</i>	wintergras
<i>Ehrharta longifolia</i>	hawersaadgras	<i>Rhynchelytrum repens</i>	Natalse rooipluim
<i>Eleusine coracana</i>	jongosgras	<i>Secale cereale</i>	rog
<i>Eragrostis curvula</i>	oulandegras	<i>Sorghum bicolor</i>	wildegroansorghum
<i>Hordeum murinum</i>	wildegars	<i>Tragus racemosus</i>	grootwortelsaadgras

2.3 Breëblaaronkruid en grasse

GLYPHOS 360 SL ℓ/ha			
1,5–2,0		2,0–3,0	
1–12 blaar		12 blaar tot voor blom	
		Blom	
<i>Arctotheca calendula</i>	soetgousblom	<i>Phalaris minor</i>	kleinsaadkanariegras
<i>Chamaesyce hirta</i>	rooimelkbossie	<i>Portulaca oleracea</i>	gewone porselein
<i>Chamaesyce inaequilatera</i>	gladdekruipmelkkruid	<i>Raphanus raphanistrum</i>	ramenas
<i>Chloris virgata</i>	witpluim Chloris	<i>Schkuhria pinnata</i>	kleinkakiebos
<i>Commelina benghalensis</i>	wandelende Jood	<i>Senecio burchellii</i>	geelgiffbossie
<i>Conyza canadensis</i>	Kanadese skraalhans	<i>Sesamum triphyllum</i>	wildesesam
<i>Conyza albida</i>	vaalskraalhans	<i>Setaria pallide-fusca</i>	rooiborselgras
<i>Coronopus didymus</i>	peperkruid	<i>Setaria verticillata</i>	klitsborselgras
<i>Crotolaria sphaerocarpa</i>	mielie Crotolaria	<i>Sonchus oleraceus</i>	gewone sydiessel
<i>Emex australis</i>	Kaapse dubbeltjie	<i>Tagetes minuta</i>	langkakiebos
<i>Fumaria muralis</i>	duiwelkerwel	<i>Tribulus terrestris</i>	dubbeltjie
<i>Hibiscus cannabinus</i>	wildestokroos	<i>Veronica spp.</i>	Veronica
<i>Hibiscus trionum</i>	Terblansbossie	<i>Zea mays</i>	opslag mielies
<i>Ipomoea purpurea</i>	purperwinde	<i>Triticum spp.</i>	opslag koring
<i>Paspalum urvillei (seedlings)</i>	langbeen Paspalum		

2.4. Breëblaaronkruiden en grasse

GLYPHOS 360 SL ℓ/ha		
2,5–3,0	3,0–5,0	5,0–6,0
1–12 blaar	12 blaar tot voor blom	Blom

<i>Cleome gynandra</i>	snotterbelletjies	<i>Plantago lanceolata</i>	kleintongblaar
<i>Digitaria sanguinalis</i>	kruisvingergras	<i>Polygonum aviculare</i>	voëlduisendknoop
<i>Echinochloa crus-galli</i>	hanepootmanna	<i>Sida cordifolia</i>	hartblaartaaiman
<i>Echium lycopsis</i>	pers Echium	<i>Solanum nigrum</i>	nastergal
<i>Hypochoeris radicata</i>	skaapslaai	<i>Urochloa panicoides</i>	tuin Urochloa
<i>Panicum maximum</i>	gewone buffelsgras	<i>Verbena officinalis</i>	Europese Verbena
<i>Paspalum urvillei</i>	langbeen Paspalum		

2.5. Breëblaaronkruiden

GLYPHOS 360 SL ℓ/ha		
1,5–6,0	6,0	6,0
1–12 blaar	12 blaar tot voor blom	Blom

<i>Erodium moschatum</i>	turknael
--------------------------	----------

2.6. Breëblaaronkruiden

GLYPHOS 360 SL ℓ/ha		
6,0	6,0	6,0
1–12 blaar	12 blaar tot voor blom	Blom

<i>Malva parviflora</i>	kiesieblaar	<i>Oenothera stricta</i>	nagblom
-------------------------	-------------	--------------------------	---------

2.7. Breëblaaronkruid

GLYPHOS 360 SL ℓ/ha		
5,0–6,0	5,0–6,0	5,0–6,0
1–12 blaar	12 blaar tot voor blom	Blom
<i>Rumex angiocarpus</i>		steenboksurig

2.8. Broadleaf weeds

GLYPHOS 360 SL ℓ/ha		
4,0	8,0	3,0 % Solution:
1–12 blaar	12 blaar tot voor blom	Blom
<i>Acacia saligna</i>		Portjeksonwilg

Notas

Vir die beheer van *Malva parviflora* (kiesieblaar) en *Oenothera stricta* (nagblom, kleiner as 12 blaar stadium), spuit **GLYPHOS 360 SL** teen 3,0 ℓ/ha in kombinasie met **Simasien SC** teen die aanbevole dosis vir die grondsoort.

Vir die beheer van problem *Erodium moschatum* (turknael, laaggroeiende biotipe) in wingerde en sagtevrugte dien 2,0 ℓ/ha **GLYPHOS 360 SL** voor bot toe. Hergroei moet 4 tot 6 weke later met **Paraquat** plus **Simasien SC** gespruit word. Verwys na die **Paraquat** en **Simasien SC** etikette vir hoeveelhede en aanbevelingsinligting.

3. SPESIFIEKE AANBEVELINGS

MIELIEVARIËTEITE MET GLIFOSAATBESTANDHEIDSGEEN

Daar word verwag dat die gebruik van **GLYPHOS 360 SL** in ooreenstemming met die etiket aanbevelings op mielievariëteite wat die glifosaatbestandheidsgeen bevat tot die normale groei van die gewas sal lei.

Moet nie GLYPHOS 360 SL op mielievariëteite, wat nie die glifosaatbestandheidsgeen bevat nie, gebruik nie aangesien dit sal lei tot ernstige gewasskade en selfs die gewas mag dood.

- Die spuitmengsel moet altyd 1.5 % **GLYPHOS 360 SL** bevat.
- Wanneer nodig moet die water volume aangepas word om 'n 1.5 % spuitmengsel te kry.
- Dien toe in 'n maksimum water volume van 125 ℓ water /ha.
- Vermyn toediening op die teiken blaaroppervlaktes tot die punt van afloop.
- Dit behoort nie 'n probleem te wees nie indien volumes van 100 tot 125 ℓ/ha gebruik word.
- Gebruik lae druk van 100–150 kPa met geskikte spuitpunte (bv plat waaier of “twin jet” spuitpunte) om die verlangde hoeveelheid water volume en dosis per hektaar te lewer.

Notas vir die gebruik saam met ander onkruidodders asook tenkmengsels

Wanneer ander onkruidodders gebruik word as voorplant, voorplant ingewerk, vooropkom en na-opkom behandelings in mielievariëteite met die glifosaatbestandheidsgeen, opgevolg met **GLYPHOS 360 SL** toedienings, moet die etiket aanbevelings van daardie produkte ook gevolg word.

Toedieningsinligting

GEWAS	TOEDIENING	OPMERKINGS
3.1 Mielies	Algehele toediening. Dien toe vanaf die grondkraakstadium tot en met die V8 stadium, wanneer die eerste plante in die land 8 blare het met blaarskedes wat die hoofstam volledig omvou (die werklike aantal blare mag meer wees). Toediening na hierdie stadium kan lei tot vertraagte rypwording en/of verlies in opbrengs. Dien alleenlik toe indien die beweging van die spuittoerusting in die land nie die plante meganies sal beskadig nie.	Wanneer opeenvolgende toedienings nodig is moet die tweede toediening nie binne 10 dae van die eerste toediening plaasvind nie. Indien die mielies alreeds die V8 stadium bereik het moet 'n gerigte bespuiting uitgevoer word.
	Gerigte bespuiting. Dien toe na die V8 stadium alreeds bereik is waar die ry spasiëring die beweging van spuittoerusting sonder meganiese skade aan die gewas sal toelaat.	Gerigte toedienings kan na die V8 stadium gemaak word indien die beweging van die spuittoerusting nie die gewas meganies sal beskadig nie. Ryspasiëring van 150 cm en 210 cm word vir konvensionele trekker gemonteerde spuittoerusting aanbeveel.

Toedieningshoeveelhede

ONKRUIDE	DOSIS (ℓ/ha)	OPMERKINGS
Eenjarige grasse en breëblaaronkruid	2,0	Dien toe voordat onkruid 100 mm hoog is.
Eenjarige grasse en breëblaaronkruid	2,5	Dien toe wanneer onkruid tussen 100 and 200 mm hoog is.
<i>Commelina benghalensis</i> (wandelende jood)	2,5	Dien toe op die drieblaarstadium gevolg deur 'n tweede toediening van 2,5 ℓ/ha 10–20 dae later.
<i>Ipomoea purpurea</i> (purperwinde)	2,5	Dien toe op die drie- tot vyfblaarstadium gevolg deur 'n tweede toediening van 2,5 ℓ/ha 10–20 dae later.
<i>Portulaca oleracea</i> (gewone porslein)	2,5	Dien toe voor blom.
<i>Cyperus esculentis</i> (geeluintjie)	2,5	Die toe voordat plante 100 mm hoog is.
<i>Cyperus esculentis</i> (geeluintjie)	2,5	Dien toe op die drie- tot vierblaarstadium gevolg deur 'n tweede toediening van 2,5 ℓ/ha 10–20 dae later.

4. SPESIFIEKE AANBEVELINGS

GEWAS	OPMERKINGS
4.1 Amandels, aalwyn, appels, appelkose, avocado's, piesangs, swartbessie, kersies, sitrus, koffie, grenadella, koejawels, hops, kiwivrug, lietstjies, makadamianeute, mango's, nektariens, olywe, papaja, perskes, pere, pekanneute, pynappels, pruime, turksvy, pruimedante, kweper, tee.	1. Verwys na onkruidtabelle vir dosisse van GLYPHOS 360 SL. 2. Beskerm jong bome met groen bas van direkte bespuiting.
4.2 Wingerde en vrugtebome.	Dien toe voor bot op wingerde ouer as 2 jaar. Jonger wingerde en bome met groen bas moet afgeskerm word. Rig bespuiting na onkruid. Moet nie toedien in gesnoeide wingerde of vrugtebome voordat die snoeiwonde behoorlik geseël het nie. Dekgewasvernietiging in wingerde. Apply GLYPHOS 360 SL at 1,5–3,0 ℓ/ha. Apply 10 days or more after pruning and before bud burst.
4.3 Sisal.	Toedienings kan in kwekery en volwasse plante gedoen word.
4.4 Bewerkte lande.	Gebruik GLYPHOS 360 SL na oes van vorige gewas. Moet nie teikenplante voor 6 ure na toediening versteur nie (voor plant van gewasse) en voordat nuwe gewasse opgekom het.

5. BOSBOU GEBRUIKE

		DOSIS		
SITUASIE	ONKRUID-SPESE	ℓ/ha	% OPLOSSING (ℓ GLYPHOS 360 SL IN 100 ℓ WATER)	OPMERKINGS
ONKRUIDBE-HEER IN GEVESTIGDE PLANTASIES	<i>Acacia mearnsii</i> (Swart wattel)	3	1,5	Dien toe op jong bome tot en met 1,0 m hoog.
	<i>Solanum mauritianum</i> (luibos)	2	1,5 0,5	Groot bome: Sny tot 50 cm, laat nuwe groei van ten minste 50 cm toe voor toediening. Klein boompies: Dien direk op die blare toe.
	<i>Rubus spp</i> (braam)	6	3,0	Sny ranggroei in winter. Dien toe wanneer nuwe groei meer as 0,5 m hoog is. Indien hergroei voorkom, spuit met 'n 1,5 % oplossing.
1. Voorbrande. Die voorbereiding van 'n algehele brandbaan of brandstrok.	In beide situasies (1 en 2) sal die onkruidpopulasie bestaan uit beide eenjarige en meerjarige onkruide.	4	2	'n Minimum spuitmengsel van 200 ℓ/ha moet toegedien word wanneer die 2 % spuitoplossing gebruik word.
2. Baanvoorbereiding vir boom-saailinge. Situasies geskik vir bogemelde sluit in: a) Natuurlike of onversteurde veld. b) Hervestiging van plantasies na afkap van bome.	Vir sommige van die onkruide wat beheer word, verwys na onkruidlys.			'n Opvolgbespuiting mag nodig wees om hergroei van sommige hardnekkige meerjarige onkruide te beheer. Gebruik 'n 2 % oplossing op 'n kolbespuitingsbasis.

SITUASIE	DOSIS	OPMERKINGS
<i>Eucalyptus grandis</i> (bloekomboom) vir die voorkoming van kreupelbos.	5 % oplossing. 7 % oplossing.	Enkelstam stompe. Dien 50 ml op-lossing toe op 'n kaal kambium-area onmiddellik na afkap. Meerstammige stompe. Dien 100 ml oplossing toe op 'n kaal ten volle blootgestelde kambiumlaag onmiddellik na afkap. Indien hergroei voorkom, spuit met 'n 2,0 % oplossing.

6. SUIKERRIET LAASTE SPRUITRIET (“RATOON” RIET) VERNIETIGING

SITUASIE	DOSIS	OPMERKINGS
Mimimumbewerking.	8,0–10,0 l/ha.	Laat hergroei plaasvind tot 'n hoogte van 0,45–1,0 m in hoogte (spruitvormingstadium) voordat 'n spuitoplossing van 100–400 l/ha toegedien word as 'n na-opkom bespuiting op die suikerrietblare.
Kombinasie bewerking.	4,0 – 8,0 l/ha.	Gebruik die hoër dosis op vrugbare gronde en waar moontlike hergroei mag voorkom. Spuit die GLYPHOS 360 SL oplossing op die suikerriet sodra die blare ongeveer 0,35–1,0 m in hoogte is. Laat ongeveer 5–10 dae verloop alvorens die suikerriet stoele se wortels op 'n diepte van 10–15 cm onder die grond oppervlak met 'n sny-apparaat of soortgelyke apparaat af gesny word.
Kol vernietiging.	10 % oplossing.	Die behandeling sal sekere grasse en breëblaar-onkruidе ook beheer. Dien spuitoplossing direk op suikerriet stoele toe.
Voorplant land voorbereiding.	1,0 – 3,0 l/ha.	Eenjarige onkruidе: Spuit op aktief groeiende onkruidе. Meerjarige plante: Verwys na tabelle onder deel 1 vir toediening aanwysings.
Kol bespuiting buite geplante land.	2 % oplossing.	Dien toe as direkte bespuiting in gebiede waar probleem onkruidе buite die land voorkom.